**Vrydag 14 Oktober**

**Skrifgedeelte: Titus 2:1-15**
**Fokusgedeelte: Titus 2:1**

## Vertel vir mense van Jesus Christus, Hy is die gesonde leer wat mense red

Dit lyk baie aantreklik as sommige gelowiges of kerkgroepe jou vertel dat hulle baie ernstig is oor die onderhouding van sekere Ou-Testamentiese voorskrifte, soos byvoorbeeld om net sekere tipes kos te eet. Hulle toewyding om sekere feeste of feesvoorskrifte van die Ou Testament in stand te hou, lyk baie voorbeeldig. Die terugkeer na die Saterdag as die "eintlike" Sabbatdag word as die optrede van "ware" gelowiges voorgehou.

Dit is presies die soort ongesonde geloofspraktyke waarteen Paulus vir Titus waarsku. Hierdie gelowiges sal baie oortuigend vertel dat hulle steeds aan Jesus Christus as hulle Verlosser glo, maar dat uitlewing van hierdie menslike voorskrifte nageleef moet word as teken van ware toewyding.

Hierteenoor gee die Here ons die opdrag om mense die "gesonde" leer te vertel. Die woord wat hier vir "gesonde" gebruik word, kan ook vertaal word met "korrekte". Ons moet die korrekte of regte leer verkondig. Wat is dit? Dit staan in Titus 2:14: Jesus Christus het volkome vir ons sonde betaal en volkome vir ons die wet nagekom, sodat ons alleen in Hom die gesonde geloof kan uitleef. Ons het niks meer nodig as geloof in Jesus Christus se volkome versoening en voldoening (dat Hy die wet volkome vir ons nagekom het) nie. Wie so in Hom glo, doen niks meer om iets tot hulle verlossing by te dra nie, maar leef alleen ’n dankbare lewe waarin hulle aan die Here gehoorsaam is omdat Hy hulle volkome gered het.

Niks meer as dit is nodig om ’n gesonde geloofslewe te hê nie.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*